

9 MEI 2021



TORINGKERK

nuus



ONS VIER ONS MOEDERS
IN AL HAAR VORME!

IS JY NUUT IN DIE GEMEENTE?

BAIE WELKOM!

Ons is 'n klein liefdes-familie-gemeenskap. Kry asb 'n lidmaatskapvorm, kerk kalender en stel jouself voor aan een van die erediens leiers. Ons wil graag kontak maak. Baie welkom by ons!



PROGRAM VAN DIE WEEK

SONDAG: 09/05 - Poppekas

09:30 Poppekas Erediens - Moedersdag

10:30 Geen KruisConnect

17:00 Geen gemeente-ete (Uitgestel)

DINSDAG: 11/05

08:00 Spanvergadering

19:00 GIM Kalahari Visser -
Tieneraand (Kerk)

19:00 Belydenis 2021 (HTP)

WOENSDAG: 12/05

06:00 Kinder Padkos (Stemboodskap)

06:00 Tiener Padkos (Stemboodskap)

18:30 Erediensbeplanning (Konsistorie)

19:00 Musiekspan oefening (Kerk)

DONDERDAG: 13/05

18:45 Labori Bybelstudie (HTP)

18:30 Hemelvaartdiens (Kerk)

VRYDAG: 14/05

06:00 Mannegroep (Konsistorie)


SONDAG: 16/05

09:30 Erediens

09:30 Kinderkleingroepe begin!

10:30 KruisConnect (KC Kamer)

ONS EREDIENSTE IS OOK "LIVE"!



Ons eredienste word ook 'lewendig' uitgesaai vanuit die kerkgebou.

Jy sal reeds voor 9:30 'n skakel van die diens ontvang op Whatsapp vanaf die Toringkerk Selfoon. Die erediens sal eers 9:30 begin, aangesien dit lewendig uitgesaai word.

Kontak vir Jana indien jy nie die inligting van die Toringkerk Selfoon (084 621 2094) ontvang nie.

SCAN BY DIE DEURE!

Ons verwelkom 'n nuwe manier van inteken op Sondag by eredienste. Download die app, BioCertica ID op jou slimfoon. Gaan in by die app, scan die kode en tik een keer jou naam en van ens in. As jy 'n volgende keer weer kom, hoef jy net die kode te scan en jou temperatuur in te vul. As jy Sondag opdaag, scan die kode met jou slimfoon en tik slegs jou koors meting in en saniteer jou hande. Geen meer papiere en penne nie. Hierdie kode sal by elkeen van die 3 deure beskikbaar wees.

Indien jy nie hierdie manier verwelkom nie, sal daar penne en papiere steeds beskikbaar wees vir inteken.



HEMELVAART

Jesus is met 'n wolk van die aarde af weggeneem, maar Hy is nie weg nie. Hy is op 'n nuwe manier hier by ons teenwoordig.

Met Hemelvaart onthou ons dat Jesus Koning is, daarom kan ons met ander oë na die wêreld kyk en God se werklikheid raaksien.

Hemelvaartdiens | 13 Mei | 18:30

GEMEENTE-TUIN-ETE!

Ons sien baie uit vir ons gemeente-ete, maar ons baie bewus van die koue weer wat Sondagmiddag vir ons wag.

Ons stel dus eers hierdie lekker gemeente-ete uit tot wanneer die somer weer op ons is.

Dankie vir elkeen wat bespreek het - ons stel uit, nie af nie!



PINKSTER 2021

Wonder jy watter gawes jy ontvang het? En waartoe die Here jou roep? Roeping en gawes is twee groot merkers in elke gelowige se lewe. Ons nooi jou uit op hierdie ontdekkingsreis saam met ons. Maandagaand eet ons as familie saam - jy is genooi.

TEMA:

Ek is die Pottebakker, jy is die klei

WANNEER:

Sondag, 23 Mei

9:30 (Tydens die erediens)

Maandag, 24 Mei - Donderdag, 27 Mei

18:00 - 19:30

WAAR:

Boonste kerksaal



KINDERPINKSTER

Ons hou hierdie jaar weer Kinderpinkster!

Ons is ongelooflik opgewonde en bevoorreg om hierdie jaar 'n besondere gas te hê wat die Pinkster kom aanbied vir die jongspan. Ds. Siegfried Louw van Proteahoogte Gemeente het 'n gawe om 'n boodskap op 'n ongelooflike kreatiewe en interaktiewe manier oor te dra. Maak reg vir poppekas, saam sing en baie lekker aktiwiteite!

TEMA:

Die Gevaarlikste Tree (Josua 1 tot 5)

WANNEER:

Maandag, 24 Mei - Donderdag, 27 Mei

18:00 - 19:30

WAAR:

Konsistorie

NATANIËL BY TORINGKERK

Ja, jy het reg gehoor!

Nataniël hou 'n vertoning by Toringkerk!

Maak seker jy dagboek solank hierdie datum en laat weet nou al jou familie en vriende dat hierdie 'n geleentheid is wat jy gewoon net nie kan misloop nie.

19 Junie | Saterdag | 14:30 | Toringkerk

Bespreek jou kaartjie op Toringkerk se webtuiste: www.toringkerk.co.za



HET JY AL OOIET GEWONDER:

"HOEKOM VOEL EK SO AF?"

Kom kyk na die interaktiewe vertoning van Johan Laten. Ons gesels oor die tye wanneer die druk te veel raak en hoe om dit te hanteer.

18 MEI | 19H-20H | TORINGKERK

#imagine

LOCAL 

As 'n opvolg byeenkoms vir die tieners wat die eerste #Imagine Local bygewoon het in Wellington op 10 April, hou ons nou ons tweede bymekaarkoms hier by Toringkerk.

Ons nooi alle tieners uit van die Paarl om hierdie byeenkoms by te woon. Jy wil dit nie misloop nie!

Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.

DANKIE COURTRAI!

Die Graad 5 klas van Laerskool Courtrai het elke kwartaal 'n gemeenskapsprojek wat hulle ondersteun. Hulle het besluit, onder leiding van Mnr. Tiaan, om die Diep & Vêr projek te ondersteun. Die klas het vir die hele eerste kwartaal kositems ingesamel om dit uiteindelik aan Toringkerk te skenk.

Ons is so dankbaar vir hierdie klas se entoesiasme en inisiatief om hierdie projek te ondersteun. Hiermee kon 43 gesinne 'n kospakkie ontvang! Julle inspireer ons! Baie dankie!



WINTER IS AMPER HIER!

Die winter is om die draai en dan is die nagte bitter koud, soos ons almal weet.

Daar is verskeie persone in ons Paarl gemeenskap wat op straat woon en nie altyd toegang het tot 'n warm kombes nie. Indien jy 'n lekker warm kombes sou wou skenk, is jy welkom om dit by die kantoor af te laai tussen 09:00 en 13:00 op weksdae, of op Sondag voor of na die erediens by een van die leraars.



GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Ayanke Stander** wat hierdie week met 8 weke chemo sessies begin. Ons as geloofsfamilie bid vir jou, Ayanke asook jou gesin! "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee!" Fil 4:13.

- Ons bid ook nou al dat God die **Pinkster** tydperk sal gebruik om koningryk in ons dorp en lewens te laat kom. Stuur 'n boodskap na die TK Selfoon, indien jy wil deel wees van hierdie span.

- Ons bid vir **Annaline Brand** wat herstel na 'n hartklep vervanging. Ons dink aan die familie in hierdie tyd.

Laat weet asb die kantoor van enige gebedsversoeke of siekte besoeke. Ons wil graag by jou uitkom en is nie altyd bewus as iemand deur 'n moeilike tyd gaan nie.

BORG 'N BOK!

Borg 'n klein, medium of groot bok vir vanjaar se vleistafel by Markietie teen R1500, R3500 of R5500. Indien jy 'n bok van R5500 borg, maak jy vir Toringkerk amper R12000 omdat biltong en droëwors teen markprys verkoop word. Kontak vir Ryno as jy belangstel.



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN



Dagboek

DIE DATUM



9
MEI

POPPEKASDIENS
+ MOEDERSDAG
Gesinsereidiens | 09:30



13
MEI

HEMELVAART
Ereidiens | 18:30



18
MEI

#IMAGINE
"Hoekom voel ek
so af?"
Toringkerk | 19:00



23
MEI

PINKSTER
23 - 27 Mei

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.
BID . SIEN . DEEL

13 PIEKE UITDAGING!

Op 21 Mei 2021 hardloop Toringkerk se draf legende die 13 Pieke uitdaging op Tafelberg. Conrad Muller sal 6000 m hoog klim oor 'n 100 km afstand. Conrad daag jou uit om 'n kospakkie vir die Diep en Vêr projek te borg sou hy die uitdaging suksesvol slaag. Een kospakkie kos R250 en help Toringkerk om plaaslik 'n verskil in die gemeenskap te maak.

Gaan loer gerus na die webtuiste:

<https://13peaks.co.za/>

Paarlberg het ongeveer 'n hoogte van 450m, Conrad beplan om 6000m te doen!

Motiveer Conrad deur 'n kospakkie te borg!



OP SOEK NA 'N DJ!

Stof solank jou dansskoene af, want die beplanning vir 'n mandjie-dans is aan die rol en ons is baie opgewonde!

Ons is op soek na 'n plaaslike DJ van wie ons gebruik sou kon maak. Indien jy dalk vir ons kan help, of van iemand weet wie ons kan kontak, laat weet ons asb!

***Kontak gerus vir Elizmari Sieberhagen
(073 209 1979)***

BAIE GELUK

met jou verjaarsdag!

09/05 Jurie Hayes	11/05 Thys Walters
09/05 Johannes Pretorius	12/05 Julandie Hayes
09/05 Jaco Terblanche	12/05 Marcus Liebenberg
10/05 Rubenna Loubser	12/05 Kira Orpen
10/05 Jaenette Struwig	14/05 Jannie Lamprecht
11/05 Beyers Jonker	15/05 Marieta Dyason
11/05 Eugene Louw	15/05 Surette Gildenhuys
11/05 Michau Olivier	15/05 Bosmann Slabber
11/05 Hanneke Visser	15/05 Christine Teichmann



KAN JY DALK HELP?

Daar is in die afgelope week ingebreek by een van ons broers in Chicago.

Indien jy enige kontakte het of self sou kon help met een van die volgende items, kontak gerus vir Janneke:

- Ketel
- Lead
- Werkende selfoon
- 2 Plaat stofie
- 10m x 1,6m heining
- Ysterhek/houthek



BAAI SPEKKIE!

Met 'n hartseer hart, groet ons die stem en hart wat vir Spekkie lewe gegee het! Guilia, baie dankie vir jou ongelooflike entoesiasme en passie vir die poppekasbediening en ons jeug! Ons gaan jou baie mis op Moeggeploegplaas!

Indien jy dalk belangstel om die rol van Spekkie oor te neem, kontak gerus vir Janneke.

LASAGNA!

Vir die eerste aand (24 Mei) van Pinkster, gaan ons as familie lekker saam eet.

Ons voel dat daar 'n lekker lasagna deel van hierdie feesmaal moet wees. Kan jy dalk 'n lekker lasagna bak? Deel jou gawes met die res van die gemeente!

Baie dankie vir diegene wat reeds aangebied het! Ons benodig nog 2 bakke lasagna.

Indien jy sou kon help, kontak gerus vir Jana.



GESONDE GEDAGTES

ANTJIE KROG



MA - ANTJIE KROG

Ma, ek skryf vir jou n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
n kaalvoet gedig -

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie





9 MEI 2021

TORINGKERK

nuus

TORINGKERK ZAPPER



BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@fhbc.co.za